

Ouers se Persepsies oor Bullebakkerie in 'n Skoolkoshuis: 'n Gevallestudie

Prof. N.C. de Wet

Skool vir Opvoedkunde

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat

Posbus 339

BLOEMFONTEIN

9300

Suid-Afrika

dewetnc.hum@mail.uovs.ac.za

Synopsis

Parents' perceptions with regard to bullying in a school hostel: a case study

The impetus for the case study on bullying was the concern of the parents of one of the children about the physical and emotional well-being of their children in an Eastern Cape school hostel. Discussions that the parents had with the hostel superintendent did not lead to the termination of the victimisation by one of their boys. On the contrary, it aggravated the situation. After discussions with the researcher, and with the support of the hostel committee, hostel superintendent and secondary school principal, an in-depth investigation into the nature and extent of bullying at the hostel was undertaken. The research instruments are based on the Delaware Bullying Questionnaire. Parents, staff on duty and learners were involved in the research. In this article the parents's perceptions with regard to bullying are reported. From the qualitative and quantitative data it is apparent that direct and indirect verbal, as well as physical and emotional harassment are fairly common occurrences in the Eastern Cape hostel. Moreover, it has been found that boys in particular, as well as older children in positions of authority are the aggressors. The parents identified the way to school and back, as well

as the hostel bathrooms, playing grounds and hostel bedrooms as relatively unsafe areas. Parents expressed their frustration with the seeming lack of action by the staff on duty. In the article some guidelines for parents are also provided to assist them in protecting their children against bullying.

1. Inleiding

Die reg tot lewe, menswaardigheid, vryheid en veiligheid van die persoon word in artikels 10, 11, 12 en 28 van die Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte (RSA, 1996) verskans, en deur afdelings 28, 34 en 37 van die Verenigde Nasies (United Nations, 1989) se *Convention on the Rights of the Child*¹ onderskryf. Neser (2005:63) merk tereg op dat “our new democracy and new protocols have placed a premium on the recognition and protection of the right of every person to physical safety and integrity”. Tog blyk dit uit koerantberigte dat dié regte nie in Suid-Afrikaanse skole praktiese vergestaltung kry nie. Van Heerden (2006:16) rapporteer byvoorbeeld oor twee graad 8-meisies wat na bewering 'n klasmaat by twee geleenthede “gepak en verwoed geslaan” het. Geldenhuys (2006:10) skryf oor 'n graad 8-seun van Pretoria wat deur medeleerders geskop en beledig is. Voorts is opvoeders en leerders van 'n skool in Pretoria deur die verspreiding van pamflette waarin “kru aanvalle” teen hulle gemaak is, verneder (Rademeyer, 2005:25).

Dit blyk uit navorsing deur Houndoumadi en Pateraki (2001:25), asook Limper (2000:125-126) dat slagoffers van bullebakkerie eerder hul ouers as enige ander volwassene om hulp nader as hulle geviktimizeer word. Volgens Limper (2000:126) ervaar baie van dié ouers erge frustrasie omdat opvoeders hulle oproepe om optrede teen bullebakke ignoreer. 'n Moeder het aan Limper (2000:127) gesê: “My heart bleeds as I have to stand by and watch knowing how unhappy my child is.” Dié frustrasie kom ook in 'n koerantberig na vore (“His mother felt that nobody wanted to do anything about his intimidation” (Geldenhuys, 2006:10)). Daar is ook ouers wat voel dat onderwyspersoneel bullebakslagoffers onsimpatiek behandel (“The member of staff) refused to treat Karabo, she called her a ‘drama queen’ and said that she ‘deserved what she got’” (Serrao & Russouw, 2005:1)). Laastens wil dit uit koerantberigte voorkom asof ouers van geviktimizeerde kinders om streng optrede vra (“Samantha se ma ... het na die voorval klagtes van aanranding teen die twee meisies ingedien” (Van Heerden, 2006:16)).

1 *Proceedings of the Third Educationally Speaking Conference*. Warmbaths, May. Johannesburg: Gauteng Department of Education.

Uit voorafgaande blyk die volgende probleme:

- Die humanistiese beklemtoning van die kind se reg tot lewe, menswaardigheid, vryheid en veiligheid is nie 'n waarborg vir skoolveiligheid nie.
- Ouers, die primêre opvoeders, se bekommernis oor die veiligheid van hulle kinders, word soms geïgnoreer of as onbelangrik afgemaak.

Nie alle bullebakinsidente lei, soos die dood van Shane McCarroll aan die hand van 'n medeleerder, tot "'n skokroep vir almal wat met skole en kinders te doen het" nie (Retief, 2006:4). Soms is die oproep van 'n ouerpaar wat bekommerd is oor die fisieke en emosionele welstand van hulle kinders genoegsame rede vir die loodsing van 'n in-diepte ondersoek na bullebakkery. 'n Ouerpaar, wat besorg was oor die viktimisasie waaraan hulle hoërskoolseun in 'n Oos-Kaapse skoolkoshuis blootgestel is, het die navorsing om hulp genader. Volgens hulle het gesprekke met die koshuissuperintendent nie tot die beëindiging van die viktimisasie gelei nie. Intendeel, oorreaksie deur diensdoenende personelede het tot verergerde viktimisasie én 'n verleentheid vir die seun gelei. Opvolgesprekke het óók nie die gewenste uitwerking gehad nie – die viktimisasie is as "normale kinderspel" afgemaak. Aangesien die eerste stap in die stryd teen bullebakkery 'n bestekopname oor die aard en omvang van die probleem is (Limper, 2000:127; Olweus, Limber & Mihalic, 1999:1), is besluit om deur middel van vraelyste tersaaklike inligting in te samel. Om 'n geheelbeeld te verkry, is al die rolspelers – ouers, leerders en diensdoenende personeel – by die ondersoek betrek. In dié artikel sal net oor die ondersoek na die ouers se persepsies oor die aard en omvang van bullebakkery in die koshuis gerapporteer word.

2. Teoretiese begroning

Navorsing oor bullebakkery in skole is meer as 30 jaar gelede vir die eerste keer deur Dan Olweus in Noorweë onderneem (Heinemann 1973 in Roland, 2002:55; Olweus, 1994:1). Uit die literatuurondersoek (Collins, McAleavy & Adamson, 2004:55; Houndoumadi & Pateraki, 2001:19-20; Limper, 2000:125-134; Olweus, 1994:14) blyk dit dat bullebakkery nie net 'n probleem in Nordiese lande nie, maar ook in onder andere die VSA, Nederland, Italië, België, Portugal, Ierland en Griekeland is. Hoewel navorsing oor bullebakkery sedert die 1980's tot verskeie internasionale publikasies gelei het, is daar volgens Nesor, Ovens, Van der Merwe, Morodi en Ladikos (2003:1) weinig oor die onderwerp in Suid-Afrika gepubliseer. Uit die literatuurondersoek (kyk o.a. De Wet, 2005:705-725; De Wet, 2006:87-100; Greeff, 2004:1-22; Booyens, 2003:35-37; Bezuidenhout, 2002:28-35; Vorster, 2002:84-122; Nkosi, 2001:52-77) blyk dit nogtans dat daar sedert die begin van die 21ste eeu 'n groeiende belangstelling in Suid-Afrika in die onderwerp is.

Olweus (1994:9), die leidende figuur in bullebakkery-navorsing, definieer bullebakkery soos volg: "A student is being bullied or victimized when he

or she is exposed, repeatedly and over time, to negative action on the part of one or more student". Die term "negative action" word soos volg deur Olweus (1994:9) verduidelik: "a negative action is when someone intentionally inflicts, or attempts to inflict injury or discomfort upon another". Die negatiewe aksie kan verbaal plaasvind, byvoorbeeld deur iemand te dreig, te tart, te spot of te vloek. Dit neem ook die vorm van fisieke kontak aan wanneer iemand byvoorbeeld geslaan, gestamp, geskop en geknyp word. Dit is verder moontlik om sonder enige woorde of fisieke kontak iemand af te knou – deur gesigte te trek, lelike tekens te maak of iemand met opset te ignoreer (Olweus 1994:9). Zeelie (2002:280) definieer bullebakkerie as "a deliberate, conscious desire to hurt, threaten and frighten someone". Volgens Maekoya en Dussich (2003:2) vind bullebakkerie plaas wanneer "a specific student who is vulnerable receives physical and psychological pain from a peer(s) repeatedly over time, where there is a disproportionate amount of power between a weaker and stronger student". Uit voorafgaande definisies blyk dit dat die volgende drie elemente altyd teenwoordig is by bullebakkerie naamlik, die opsetlike gebruik van aggressie, 'n ongelyke magsverhouding tussen die bullebak en die slagoffer, en die veroorsaking van fisieke pyn en/of emosionele ellende.

Collins *et al.* (2004:55) tref 'n onderskeid tussen direkte en indirekte bullebakkerie. Direkte bullebakkerie sluit fisieke aggressie, kwetsende woorde en vernederende kyke en tekens in. Indirekte bullebakkerie sluit ignorering, isolasie, verspreiding van skinderstories en die weiering van iemand se versoeke in. 'n Onderskeid kan ook tussen fisieke, afdreigende, emosionele, seksuele, verbale, selfoon- en internet-bullebakkerie getref word.

Hoewel daar groot ooreenkomste tussen bullebakkerie en ander vorme van aggressie is, het bullebakkerie volgens Greeff (2004:2) en DeHaan (1997:1) die volgende onderskeidende kenmerke: Die bullebak tree doelbewus, eerder as toevallig op. Die doel van die afknouery is om beheer oor 'n ander persoon deur middel van fisieke of verbale aggressie te verkry. Gewoonlik loods bullebakke hulle aanvalle sonder enige werklike rede, behalwe dat hulle die slagoffers as maklike teikens sien. Bullebakke is gewoonlik gewilder onder hulle portuurgroep as kinders wat bloot aggressief is.

Die persepsie dat bullebakkerie deel van die grootwordproses is, lei volgens De Wet (2006:88) daartoe dat slagoffers onwillig is om hulle ouers en opvoeders te vertel dat hulle afgeknou word. Gevolglik is baie ouers en opvoeders onbewus van die vlakke van bullebakkerie waaraan hulle kinders en/of leerders blootgestel word. Onderstaande navorsingsresultate toon egter dat bullebakkerie 'n redelik algemene verskynsel is. Uit 'n ondersoek na die aard en omvang van bullebakkerie in Gauteng blyk dit dat 48.8% van die respondente slagoffers van direkte verbale bullebakkerie was, 27.5% is met opset geïgnoreer en sosiaal geïsoleer, en 23.2% van die respondente is óf geslaan, óf geskop óf gestamp (Neser *et*

al., 2003:6). De Wet (2006:92) het ook bevind dat leerders veral aan direkte en indirekte verbale teistering blootgestel word. Slegs 29.2% en 32.15% van die Vrystaatse leerders wat aan haar ondersoek deelgeneem het, was nog nooit aan direkte en indirekte verbale teistering respektiewelik blootgestel nie. In 'n studie onder 269 leerders en 21 opvoeders in die San Joaquin-vallei in Kalifornië het Williams (2003:27-34) bevind dat kinders veral die slagoffers van direkte en indirekte verbale bullebakkerie, en in 'n mindere mate van fisieke afknouery is. Glover, Gough, Johnson en Cartwright (2000:141) se studie oor die aard en omvang van bullebakkerie het 4700 kinders tussen die ouderdomme van 11-16 in Staffordshire betrek. Uit die resultate blyk dit dat 28% en 7% van die respondente óf "gereeld" óf "baie gereeld" die slagoffers van verbale en fisieke bullebakkerie respektiewelik was (Glover *et al.*, 2000:141, 147).

Uit die bullebak-literatuur bly dit dat geslag 'n belangrike veranderlike is. Olweus (1994:19) het byvoorbeeld bevind dat seuns hulle meer gereeld as dogters aan bullebakkerie skuldig maak. Die grootste persentasie dogters wat afgeknou word, word deur seuns afgeknou. Die meeste seuns wat afgeknou word, word deur ander seuns afgeknou. Seuns is ook meer dikwels óf die slagoffers óf die aggressors. Direkte bullebakkerie kom volgens Olweus (1994:19) en Pearce (1991:70) meer algemeen onder seuns en indirekte bullebakkerie onder dogters voor. Hoewel seuns hulle meer dikwels as dogters aan fisieke vorms van bullebakkerie skuldig maak, het Olweus (1994:19) bevind dat nie-fisieke teistering, byvoorbeeld lelike tekens en vloek, die mees algemene vorm van bullebakkerie is wat onder beide seuns en dogters voorkom.

Uit die literatuur blyk dit voorts dat ouderdomsverskil 'n belangrike veranderlike in die slagoffer-aggressor verhouding is. Volgens Greeff (2004:21), O'Moore, Kirkham en Smith (1997:148), asook Zindi (1994:28) word kinders gewoonlik deur lede van hulle portuurgroep afgeknou.

Om die stryd teen bullebakkerie suksesvol aan te knoop, is dit nie net belangrik om te weet wie die skuldiges en wie die slagoffers is nie, maar ook waar dit plaasvind. Zindi (1994:30) het in navorsing oor bullebakkerie by 'n koshuis in Zimbabwe bevind dat die kosgangers hoofsaaklik in hulle kamers, maar ook op die speelgronde en die badkamers, geïdentifiseer word. Die pad skool toe en terug is nie as 'n probleemarea geïdentifiseer nie. Uit navorsing deur Greeff (2004:16) oor bullebakkerie by 'n Bloemfonteinskool blyk dit dat 69.5% van die respondente die speelgronde as onveilig ervaar. Dit word gevolg deur klaskamers (sonder toesig) (38.12%), die gange en trappe (35.0%), klaskamer (opvoeder teenwoordig) (20.2%), die pad skool toe en terug (18.72%), badkamer (12.32%), gimnasium (12.32%) en die skoolbus (11.85%).

Indien die Oos-Kaapse ouerpaar die stryd teen bullebakkerie wil aanknoop, moet hulle dus kennis dra van die aard en omvang van

bullebbakery, moontlike gevaarareas, asook die moontlike invloed wat geslag en ouderdomsverskille op leerderverhoudinge kan hê. Laastens is dit ook belangrik om te weet waar die bullebbakery plaasvind.

3. Die empiriese ondersoek

3.1 Navorsingsinstrument

'n Gevallestudie is in 2006 onderneem om ouers, diensdoenende personeel en leerders verbonde aan 'n Oos-Kaapse koshuis se ervaringe, waarnemings, asook persepsies oor die aard en omvang van bullebbakery vas te stel. Die navorsingsinstrumente is op die *Delaware Bullying Questionnaire* (State of Delaware n.d.) gebaseer. Die drie vraelyste is aangepas om voorsiening vir die Suid-Afrikaanse koshuissituasie te maak. In die gestruktureerde ouervraelys is naas biografiese besonderhede van die respondente, eerstens inligting oor die ouers se persepsie oor hulle kinders se blootstelling aan verskillende tipes bullebbakery in die koshuis ingewin (tabel 1). Tweedens is inligting ingewin oor wie, volgens die ouers, hulle kinders by die koshuis afgeknou het (tabel 2). Inligting oor ouers se persepsies oor waar hulle kinders in die koshuismilieu veilig en/of onveilig voel, is ook ingewin (tabel 3). Laastens is gepoog om vas te stel tot wie ouers hulle wend indien hulle daarvan bewus is dat hulle kinders die slagoffers van bullebbakery is/was (tabel 4). Daar is, met enkele uitsondering na (vrae met betrekking tot biografiese besonderhede, tabel 4 en oopeindevrae), van 5-punt Likert-tipe skale gebruik gemaak.

Die volgende oopeindevraag is aan die ouerrespondente gerig:

As u wil, beskryf 'n spesifieke insident van bullebbakery by die koshuis waarby u kind(ers) of ander kinders betrokke was (sonder om name te gebruik) wat u reken ander van behoort te weet en waaraan iets gedoen moet word.

3.2 Steekproef, prosedures en data-analise

'n Totaal van 90 vraelyste is onder die ouers versprei. Vier en vyftig (60%) van die ouers het die vraelys voltooi; 17 mans, 28 dames, en 9 wat nie hulle geslag aangedui het nie.

Die kwalitatiewe data is met behulp van Microsoft Excel se *Data Analysis Tool* en Intercooled Stata se sagtewarepakette ontleed.

Vir die ontleding van die oopeindevrae is 'n koderingsraamwerk, wat ook vir verbatimrapportering voorsiening maak, opgestel (Bell, 1993:107). Kodes (kategorieë) en tendense is geïdentifiseer en beskryf. Die identifikasie van die temas en kategorieë het dit moontlik gemaak om die inligting met die relevante literatuur, asook die kwantitatiewe data te verbind. 'n Ander navorser is gevra om van die kwalitatiewe data te lees

en te kodeer om betroubaarheid en triangulasie te verseker (Patton, 1990 in Taylor, 2005:285).

Volgens Goddard en Melville (2001:47), word geldigheid verhoog indien van 'n bestaande instrument gebruik gemaak word. In dié ondersoek is 'n bestaande navorsingsinstrument (*Delaware Bullying Questionnaire*) gebruik, wat aangepas is om voorsiening te maak vir die omstandighede van 'n Suid-Afrikaanse koshuis. As sulks is die geldigheid van die studie verseker. Inhoudgeldigheid is ook van belang in hierdie studie. Inhoudgeldigheid word verkry deur kundiges oor die onderwerp te raadpleeg wanneer die instrument opgestel word. Die vraelys moet dus bestaande kennis oor die onderwerp reflekteer (Huysamen, 1993:120; Goddard & Melville, 2001:47). 'n In-diepte literatuurstudie het die ondersoek voorafgegaan. Dié studie het getoon dat die vraelys die bestaande kennis dek. Inhoudgeldigheid is dus verseker. Dit moet nietemin beklemtoon word dat relatief min literatuur oor bullebakery in 'n Suid-Afrikaanse konteks, en in besonder skoolkoshuise, bestaan.

Betroubaarheid impliseer dat 'n instrument of prosedures konsekwent is (Goddard & Melville, 2001:41). Indien 'n navorsingsinstrument hoofsaaklik van 'n 5-punt Likert-skaal gebruik maak, kan die *Cronbach Alpha*-koëffisiënt vir die response bepaal word. Die *Alpha*-koëffisiënt vir die items in tabelle 1, 2 en 3 is 0.7567, 0.7410 en 0.7875 respektiewelik. Die oorkoepelende *Alpha*-koëffisiënt vir hierdie studie is 0.8717. Volgens Nunnaly (in Santos, 1999:2), word dit algemeen aanvaar dat 'n telling van 0.7 of hoër 'n aanvaarbare betroubaarheidsvlak aandui. Die response van ouers op hierdie vraelys kan dus as betroubaar beskou word.

3.3 Agtergrondinligting

Dis skoolkoshuis, wat op die Oos-Kaapse platteland geleë is, bied akkommodasie aan 112 Afrikaanssprekende leerders verbonde aan 'n hoër- en 'n laerskool. Die demografiese besonderhede van die kosgangers is soos volg: 49 seuns (20 hoër- en 29 laerskoolkinders) en 63 dogters (34 hoër- en 29 laerskoolkinders). Sewe van die agt diensdoenende personeel (vier mans en vier dames), asook die koshuissuperintendent (manlik), is opvoeders verbonde aan die laerskool. Die koshuissuperintendent is ook die laerskoolhoof. Die seuns en dogters word in aparte vleuels geakkommodeer. Die laerskoolkinders bly in vierbedkamers op die grondvloer van die eenverdiepinggebou. Die hoërskoolleerders word in twee- en vierbedkamers gehuisves. Die koshuis bied huisvesting aan kosgangers wat oor 'n redelike groot area in die Oos-Kaap versprei is – van die ouers woon tot 200 kilometer van die koshuis af. Al die koshuisgangers betaal volle losies – daar is geen beurshouers nie. Daar is slegs blanke

leerders en diensdoenende personeel woonagtig in die koshuis. Die meerderheid kosgangers gaan elke naweek na hulle ouerhuise toe.

3.4 Resultate

3.4.1 Kwantitatiewe data

Die oervraelyste het ten doel gehad om ouers se persepsies oor hulle kinders se blootstelling aan verskillende tipes bullebakkery, asook hul eie optrede in die verband, te bepaal.

Tabel 1 gee 'n opsomming van ouers se persepsies oor hulle kinders se blootstelling aan verskillende tipes bullebakkery in rangorde van die mees algemene tot die mins algemene tipe.

Tabel 1: Ouers se persepsies oor hoe gereeld hulle kinders aan sekere tipes bullebakkery by die koshuis blootgestel word

RO*	GG*		Nooit		1-2 keer per jaar		1-2 keer per maand		1-2 keer per week		Elke dag	
			n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
1	2.31	Hoe gereeld het koshuiskinders gemene dinge vir u kind(ers) gesê met die doel om hom/haar seer te maak?	13	26.53	17	34.69	10	20.41	9	18.37	0	0.00
2	1.96	Hoe gereeld het koshuiskinders gemene skinderpraatjies oor u kind(ers) versprei?	25	51.02	9	18.37	10	20.41	2	4.08	3	6.12
3	1.65	Hoe gereeld het ander leerders u kind(ers) by die koshuis te lyf gegaan (slaan, skop, stamp of op 'n ander wyse liggaamlik seergemaak)?	31	63.27	8	16.33	6	12.24	4	8.16	0	0.00
4	1.65	Hoe gereeld is u kind(ers) deur bullebakke gedwing om ete-/sakgeld, kos, koeldrank of snoeperye vir hulle te gee?	34	69.39	6	12.24	2	4.08	6	12.24	1	2.04
5	1.48	Hoe gereeld het leerders u kind(ers) nie by hulle aktiwiteite by die koshuis betrek met die doel om hom/haar seer te maak nie?	35	72.92	7	14.58	3	6.25	2	4.17	1	2.08
6	1.45	Hoe gereeld het koshuiskinders u kind(ers) afgeknou deur seksuele aanmerkings te maak wat hom/haar/hulle ongemaklik laat voel (deur o.a. aanmerkings oor hul liggame te maak, te sê hulle is gay en met hulle oor seks te praat)?										
7	1.23	Hoe gereeld het kinders u kind(ers) geviktimizeer deur gemene rassistiese aanmerkings te maak?	46	95.83	1	2.08	0	0.00	0	0.00	1	2.08

*RO = Rangorde

*GG = Gemiddelde gradering

Uit tabel 1 blyk dit dat kinders, volgens hul ouers, veral slagoffers van direkte en indirekte verbale teistering is. Hoewel die meerderheid ouers aangetoon het dat hulle kinders nog nooit deur ander leerders by die koshuis te lyf gegaan is nie, het vier (8.16%) aangedui dat hulle kinders “een of twee keer per week” die slagoffers van fisieke bullebakkery is.

Tabel 2 toon aan wie, volgens die ouers, hulle kinders getreiter het.

Tabel 2: Wie volgens die ouers hulle kinders by die koshuis afgeknou het *

RO	GG		Volwassene		Dogter		Verskeie dogters		Seun		Verskeie seuns		Seuns en dogters	
			n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
1	3.29	Wie het gemene inge vir u kind(ers) gesê met die doel om hom/haar seer te maak?	0	0.00	6	21.43	8	28.57	6	21.43	5	17.86	3	10.71
2	2.57	Wie het gereeld gemene skinderpraatjies oor u kind(ers) versprei?	0	0.00	6	28.57	9	42.86	1	4.76	1	4.76	4	19.05
3	2.48	Wie het u kind(ers) by die koshuis te lyf gegaan slaan, (skop, stamp of op 'n ander wyse liggaamlik seergemaak)?	0	0.00	2	12.50	1	6.25	5	31.25	7	43.75	1	6.25
4	2.17	Wie het u kind(ers) gedwing om ete-/sakgeld, kos, koeldrank of snoeperye vir hulle te gee?	0	0.00	1	7.14	2	14.28	8	57.14	3	21.43	0	0.00
5	1.89	Wie wou u (kind)ers nie by hulle aktiwiteite by die koshuis betrek nie met die doel om hom/haar seer te maak?	0	0.00	3	25.00	6	50.00	0	0.00	1	8.33	2	16.67
6	1.39	Wie het seksuele aanmerkings gemaak wa u kind(ers) ongemaklik laat voel het?	0	0.00	0	0.00	1	25.00	0	0.00	3	75.00	0	0.00
7	1.21	Wie het u kind(ers) afgeknou deur gemene rassistiese aanmerkings te maak?	0	0.00	0	0.00	0	0.00	1	50.00	0	0.00	1	50.00

RO = Rangorde

GG = Gemiddelde gradering

* Die vraelys het ook voorsiening vir die volgende respons gemaak: “My kind(ers) was nie die slagoffer(s) van bullebakkery nie”. Dié response is nie in die tabel opgeneem nie. Die tabel reflekteer slegs die response van diegene wie se kind(ers) wel die slagoffer(s) van bullebakkery was.

Volgens tabel 2 deel 57.14% van die ouers wie se kinders gedwing is om afstand van hulle ete-/sakgeld, kos, koeldrank of snoepery te doen, die siening dat seuns die bullebakke was. Seuns is ook volgens die ouerrespondente grootliks verantwoordelik vir insidente van seksuele en fisieke teistering. Dogters was volgens die ouers veral skuldig aan indirekte verbale teistering (die verspreiding van skinderpraatjies). Die helfte van die ouers wie se kinders die slagoffers van direkte verbale teistering was, het aangedui dat 'n dogter/verskeie dogters vir dié dade verantwoordelik gehou kan word; 39.29% het voorts aangedui dat hul kinders die slagoffers van direkte verbale teistering deur 'n seun/seuns was. Drie ouers (10.71%) het aangedui dat seuns en dogters gemene dinge vir hulle kinders gesê het. Uit die tabel blyk dit ook dat ouers van mening is dat geen kind deur volwasse nes gevikt misseer is nie.

Tabel 3 gee 'n rangorde-opso mming van ouers se persepsies oor hoe veilig sekere areas in en om die koshuis vir hulle kinders is.

Tabel 3: Hoe veilig koshuisleerders volgens die ouers op sekere plekke voel

RO	GG		Baie veilig		Redelik veilig		So-so		Redelik onveilig		Baie onveilig	
			n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
1	2.45	Op pad skool toe of terug	7	14.29	26	53.06	6	12.24	7	14.29	3	6.12
2	2.10	In die koshuis-badkamer	14	28.57	23	46.94	7	14.29	3	6.12	2	4.08
3	1.98	Op die speelgronde	15	30.61	26	53.06	4	8.16	2	4.08	2	4.08
4	1.96	In sy/haar koshuiskamer	16	32.65	23	46.94	7	14.29	2	4.08	1	2.0
5	1.86	In die gange by die koshuis	17	34.69	25	51.02	5	10.20	1	2.04	1	2.04
6	1.71	By die snoepie	18	36.73	28	57.14	2	4.08	1	2.04	0	0.00
7	1.62	In die studiesaal	25	50.00	21	42.00	3	6.00	0	0.00	1	2.00
8	1.55	In die eetsaal	26	53.06	21	42.86	1	2.04	0	0.00	1	2.04

RO = Rangorde

GG = Gemiddelde gradering

Volgens die ouers voel hulle kinders veral op pad skool toe of terug, in die koshuisbadkamers en op die speelgronde onveilig. Hoewel die area skool

toe en terug as die onveiligste plek geïdentifiseer is, het 67.35% van die ouerrespondente dit as “baie veilig” of “redelik veilig” beoordeel. Die studiesaal en eetsaal is volgens hulle die veiligste areas in die koshuis. Slegs 2% en 2.04% van die respondente het die studie- en eetsaal respektiewelik as “redelik onveilig” en “baie onveilig” beoordeel.

Tabel 4 toon aan tot wie ouers hulle wend indien hulle kinders die slagoffers van bullebakkerie by die koshuis was.

Tabel 4: Persone waarmee ouers gepraat het indien hulle kind(ers) die afgelope 12 maande die slagoffer(s) van bullebakkerie was

	n	%
Koshuissuperintendent	10	27.03
Skoolhoof	6	16.22
Opvoeder/Volwassene by koshuis	6	16.22
Niemand	5	13.51
Opvoeder/Volwassene by skool	3	8.11
Ouers wat ook kinders in die koshuis het	3	8.11
Met kind se maats	2	5.41
Ander	2	5.41

Ouers wend hulle veral tot ander volwassenes as hulle hoor dat hulle kinders geviktimizeer word: 27.03% het met die koshuissuperintendent, 16.22% met die skoolhoof en 16.22% het met ’n opvoeder of ander volwassene by die koshuis gaan praat. Al vyf respondente wat aangedui het dat hulle niemand van hulle kinders se trauma vertel het nie, het redes vir hul stilswye verskaf. Een van hulle het genoem dat hy/sy bang was dat dit die situasie kon vererger. Dié ouers verwoord dit as volg: “Ek wil nie hê dat die onderwysers en toesighouers my kind moet uitsonder of afkraak nie.” Van die ander respondente het die bullebakkerie geminimaliseer. Terwyl twee van hulle gesê het dat dit nie ernstig was nie, het een gereken dit was bloot “aanpassingsprobleme”. ’n Ander ouer reken die “kinders moet dit self oplos”.

3.4.2 Resultate van die kwalitatiewe ondersoek

Ouers wat aan die versoek voldoen het om oor ’n bullebakinsident te skryf, het in redelike besonderhede oor hulle kinders se vernedering en lyding geskryf. Die volgende temas is geïdentifiseer:

- Die lyding van kinders as gevolg van verbale, fisieke, emosionele en seksuele bullebakkerie.

- Die viktimisering van jonger kinders deur ouer en/of sterker kinders.
- Die verhouding tussen kosgangers en medekosgangers in gesagsposisie, te wete prefekte en tafelhoofde.
- Opvoeders se negering van hul *in loco parentis*-verantwoordelikhede.

Uit die ouers se beskrywings blyk dit dat hulle kinders aan verbale, fisieke, emosionele en seksuele bullebakkery blootgestel word. Die volgende voorbeelde van verbale bullebakkery is deur van die ouers genoem: “hulle brom of vloek”, “[my kind is] as deel van ’n groep verbaal geteister en gevloek” en “aanmerkings vind plaas in die gange of by ete”. Twee van die ouers het beskryf hoe hulle kinders fisiek getreiter is. Terwyl die een ouer skryf “ons oudste seun is in sy kamer deur ’n groep seuns aangerand”, noem die ander een dat sy/haar kind “herhaalde kere met ’n vurk in die hand gestee [is] dat die bloed loop”. Ouers meld ook dat hulle kinders emosioneel geviktimizeer word. ’n Ouer skryf dat sy/haar dogter afgepers is om “haar vriend te los anders word sy uitgesluit by die vriendekring”. Terwyl een van die ouers skryf dat sy/haar seun geviktimizeer is omdat hy nie wou rugby speel nie, meld ’n ander ouer dat sy/haar kind van satanisme beskuldig is. Voorts blyk dit dat van die kinders met bangmaakstories emosioneel getreiter word: “’n meisie het stories vertel dat iemand in die koshuis gaan inkom en almal gaan vermoor, byvoorbeeld in die stort of bad versuip”. Seksuele teistering is ook nie ’n onbekende verskynsel nie. Drie ouers het byvoorbeeld geskryf dat vir hulle kinders gesê word dat hulle *gay* is.

Ouers is veral bekommerd oor die verskynsel dat jonger kinders deur ouer kinders geviktimizeer word. Een van die ouers skryf dat “ouer seuns kleiner seuns se snoeperye weggevat” het. Twee van die respondente het verwys na ouer susters wie se “hulp” tydens onderonsies ingeroep word. Een van dié ouers skryf: “As die kleiner kinders stry kry, word die ouer suster ingeroep en dan voer sy haar skrikbewind”. Ouers skryf ook oor leerders in leiersposisies wat skynbaar hulle posisie misbruik. Terwyl een ouer skryf van “senior seuns en prefekte (wat) die jongste as deel van ’n groep verbaal geteister en gevloek” het, verwys ’n ander ouer na sy/haar kind wat deur ’n tafelhoof met ’n vurk in die hand gestee is.

Hoewel dit beklemtoon moet word dat ouers nóg in die kwantitatiewe nóg in die kwalitatiewe gedeeltes van hul vraelyste op enige wyse te kenne gegee het dat opvoeders hulle skuldig maak aan bullebakkery, deel van hulle die siening dat van die diensdoenende personeel nie hulle *in loco parentis*-verpligtinge met betrekking tot bullebakkery nakom nie. Twee van hulle het dit soos volg verwoord:

Dit is onder die personeel se aandag gebring, maar nog niks is daaraan gedoen nie. Miskien is dit nietig in hul oë.

[Die opvoeder] is in persoon genader en volgens hom was dit duidelik dat daar geen fout [was nie] ... wat ons as ouers baie seer en onrustig laat voel het.

Uit die analise van die oopeindevrae blyk dit dat ouers kennis dra van die feit dat hulle kinders verbaal, fisiek, emosioneel en seksueel getreier word. Hulle is voorts bekommerd dat ouer leerders, in besonder diegene in gesagsposisies, kleiner kinders viktimiseer. Laastens bevraagteken ouers opvoeders se wil om hulle kinders teen bullebakke te beskerm.

4. Bespreking van bevindinge

Onderstaande bespreking sal die belangrikste bevindinge – wat uit beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe data na vore gekom het – op 'n geïntegreerde wyse aanbied. Bevindinge sal ook teenoor relevante nasionale en internasionale navorsingsbevindinge gestel word.

Bullebakkery is 'n werklikheid in die koshuis. Uit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data blyk dit dat die respondente se kinders veral aan direkte en indirekte verbale teistering blootgestel word. Hulle word gevloek, sleggesê, beskinder en verneder. Voorts het 36.73% van die respondente aangedui dat hulle kinders al die slagoffers van fisieke bullebakkery was. Terwyl een ouer geskryf het hoe sy/haar seun in sy kamer aangerand is, het 'n ander vertel van fisieke geweld in die eetsaal. Daar is ook 'n bewustheid by van die ouers dat hulle kinders emosioneel ly as gevolg van bullebakkery. Uit die data blyk dit dat rassisme nie 'n rol in bullebakkery speel nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat hoewel beide die hoër- en laerskole kinders van verskillende rasse akkommodeer, die koshuis slegs aan blankes huisvesting verskaf.

Bullebakkery is nie net 'n probleem in hierdie Oos-Kaapse koshuis nie. Dit is 'n wêreldwye verskynsel wat nasionaal en internasionaal nagevors word (vergelyk Deel 2). Verskillende navorsingsinstrumente en uiteenlopende demografiese veranderlikes bemoeilik eksakte vergelykings. Tog blyk dit dat, indien tendense met betrekking tot die aard en omvang van bullebakkery vergelyk word, die huidige studie met dié van onder andere De Wet (2006:92), Naser *et al.* (2003:6), Williams (2003:27-34), asook Glover *et al.* (2000:141-145) ooreenstem. Kinders word wêreldwyd veral aan direkte en indirekte verbale bullebakkery blootgestel.

Slagoffers van bullebakkery is volgens die ouers wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het dikwels die teikens van ouer kinders wat hulle fisiek en emosioneel afknou. Hier kan veral verwys word na ouers se kritiek dat prefekte en tafelhoofde te streng, en selfs gewelddadig optree. Voorts meng ouer gesinslede tydens portuurgroepoondersies in. Uit die kwalitatiewe data blyk dit dat seuns veral skuldig is aan fisieke geweld. Daarenteen is beide seuns en dogters skuldig aan verbale bullebakkery. Dit blyk ook dat kosgangers hoofsaaklik deur lede van dieselfde geslag

getreiter word. Voorafgaande bevindinge bevestig tot 'n groot mate bestaande navorsingsbevindinge oor bullebakkery, naamlik dat geslag en ouderdom 'n groot invloed op die aard en omvang van konflikverhoudinge tussen kinders het (Greeff, 2004:20; Glover *et al.* 2000:147; Banks 1997:1; Olweus 1994:19, 23-25). Die bevinding dat die kinders veral deur ouer kinders afgeknou word, is egter in stryd met die reeds vermelde navorsingbevindinge deur onder andere Greeff (2004:21), O'Moore *et al.* (1997:148), asook Zindi (1994:28).

Ouerrespondente het die pad wat die kinders skool toe en terug loop, geïdentifiseer as die area waar hulle kinders die onveiligste voel. Daarnaas word die koshuisbadkamer, -speelgronde en -kamers deur die ouers as redelik onveilige areas uitgelig. Die veiligste plekke is die studie- en eetsaal. Laasgenoemde is areas waar kosgangers waarskynlik gewoonlik onder volwasse toesig is. Terwyl ouerrespondente in die huidige studie die area buite die koshuisgrense (pad skool toe en terug) as redelik gevaarlik beoordeel het, het deelnemers aan Greeff (2004:16) en Zindi (1994:30) se navorsingsprojekte die pad skool toe en terug as relatief veilig ervaar. By die beoordeling van die data (tabel 3) moet dit egter nie uit die oog verloor word nie dat die gemiddelde gradering vir al die items minder as die rekenkundige gemiddelde van 2.5 op die 5-punt Likert-skaal is. Die pad skool toe en terug se gemiddelde gradering is 2.45. Met die moontlike uitsondering van laasgenoemde is die koshuisterrein volgens die ouerrespondente dus redelik tot baie veilig.

In die inleidende probleemstelling is klem gelê op nuusberigte waarin ouers om optrede teen bullebakkery gevra het, asook die kommer van die Oos-Kaapse ouerpaar, wat direk tot die huidige studie aanleiding gegee het. Dit is dus verblydend om te sien dat ouers wie se kinders die slagoffers van bullebakkery was, hulle in die eerste instansie tot persone in gesagsposisie, naamlik die koshuissuperintendent (27.03%), die skoolhoof (16.22%) of die diensdoenende personeel (16.22%) gewend het (tabel 4). Perkins en Berrena (2002:4) beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat ouers hulle bekommernisse met die opvoederkorps moet deel. Volgens hulle moet ouers nie bes gee as hulle nie die verlangde reaksie kry nie. Hulle moet aanhou totdat iemand na hulle luister. Dit is inderdaad sodanige optrede wat tot die huidige studie aanleiding gegee het. Die ouerpaar het by herhaling met die koshuissuperintendent, hoërskoolhoof en mede-ouers oor bullebakkery by die koshuis gepraat. Uiteindelik het hulle die steun van die koshuisbestuur, koshuissuperintendent en hoërskoolhoof vir die loodsing van die ondersoek en die aanbieding van 'n anti-bullebakwerkswinkel gekry.

Ten spyte van die bewustheid wat daar by die rolspelers geskep is, blyk dit dat 13.51% van die respondente wie se kinders afgeknou is, nie met ander daaroor gepraat het nie. Sommige was bang dat dit die situasie kon

vererger (“Ek wil nie hê dat die onderwysers en toesighouers my kind moet uitsonder of afkraak nie”). Daar is ouers wat reken bullebakkerie is “aanpassingsprobleme” en dat kinders dit self moet oplos. Laasgenoemde siening is kommerwekkend as na Marshall (2000:133) se analise van die redes vir die Columbine Hoërskool-slagting (Littleton, Colorado) gekyk word. Volgens Marshall bou kinders wat vir jare die spot, vernedering, hoon en treitering van medeleerders verduur intense woede en haat op wat eensklaps in fisieke geweld tot uiting kan kom. Willert (2002:2) waarsku dat “the seeds for violence are present long before the explosive event occurs”. Dit is dus noodsaaklik dat ouers en opvoeders “sweat the small stuff” met betrekking tot bullebakkerie (Willert, 2002:2).

Dit blyk uit die kwalitatiewe data dat sommige ouers daarvan oortuig is dat die diensdoenende personeel nie hulle *in loco parentis*-verantwoordelikhede nakom nie. Die siening van twee ouers dat hulle klagtes/bekommernisse nie met die nodige erns bejeën word nie (“miskien is dit nietig in hulle oë” en “volgens hom was ... daar geen fout” nie), stem ooreen met dié van ouers met wie Limper (2000:127) gepraat het. Volgens hom voel ouers dat opvoeders hulle vrese minimaliseer en as onbelangrik afmaak. Voorts is sommige ouers, soos reeds vermeld, bang dat opvoederinmenging die situasie kan vererger.

Die gevallestudie het aangetoon dat direkte en indirekte verbale, asook fisieke en emosionele bullebakkerie, volgens die ouers ’n redelik algemene verskynsel in die betrokke Oos-Kaapse koshuis is. Voorts is bevind dat veral seuns en kosgangers in gesagsposisies die aggressors is. Ouers het ook hulle frustrasie uitgespreek met die skynbare gebrek aan optrede deur diensdoenende personeel. Hoewel voorafgaande bevindinge met nasionale en internasionale bevindinge oor bullebaknavorsing ooreenstem, moet dit beklemtoon word dat hierdie studie eerstens ’n gevallestudie is. Tweedens is van beskrywende statistiek gebruik gemaak. Die bevindinge kan dus nie veralgemeen word nie. Tog vul hierdie studie twee belangrike leemtes in die bullebakliteratuur: daar is tot op datum weining navorsing oor ouers se persepsies oor bullebakkerie en oor bullebakkerie in koshuise.

5. Enkele riglyne aan ouers om bullebakkerie te identifiseer en teen te werk

Bullebakkerie is ’n gegewe in die Oos-Kaapse koshuis onder bespreking. Die ouerpaar wat die inisiatief geneem het om bullebakkerie in die koshuis bloot te lê se vermoedens is bevestig. Hulle en ander ouers se kinders is die slagoffers van bullebakke. Uit die navorsing blyk dit dat die diensdoenende personeel nie hulle *in loco parentis*-verantwoordelikhede nakom nie. Dit is dus belangrik dat ouers, in besonder diegene wat hulle kinders slegs gedurende naweke en skoolvakansies sien, pro-aktief optree om hulle kinders teen bullebakkerie te beskerm:

Let op die volgende tipiese simptome van bullebakslagoffers: 'n Onverwagte onwilligheid om skool/koshuis toe te gaan. Vrees en onnatuurlike angstigheid. Slaapversteuring en nagmerries. Vae fisieke klages (hoof- en/of maagpyn). Eiendom raak weg. Klere is geskeur.

Vra die regte vrae. 'n Kind moet nooit direk met die vraag of hy/sy geviktimizeer word, gekonfronteer word nie. Ouers moet eerder probeer uitvind saam met wie sy/haar kinders hulle vryetyd deurbring of wat die kinders in die aande na studie of in die middag na sport/studie doen. Ouers moet probeer vasstel of ander kinders geviktimizeer word. Dit kan as 'n ysbreker vir 'n gesprek oor bullebakkery dien.

Ouers moet luister en verstaan wat hulle kinders sê. Hulle moet begrip vir hulle kinders se trauma toon. Die kind moet begryp dat dit nie sy/haar skuld is dat hy/sy die slagoffer van bullebakkery is nie.

Kinders moet aangemoedig word om volwassenes (diensdoenende personeel) in hulle vertroue te neem. Kinders moet nie bullebakinisidente ignoreer nie. Dit kan tot verdere viktimisasie lei en 'n boodskap dat bullebakkery sienderoë toegelaat word, uitstuur.

Kinders moet geleer word om bullebaksituasies te vermy. Kinders kan byvoorbeeld 'n ander roete skool toe te loop.

Ouers moet 'n voorbeeld stel. Ouers moet 'n duidelike boodskap uitstuur dat gewelddadige optrede onaanvaarbaar is. Ouers moet ook die inisiatief in die stryd teen bullebakkery neem.

Ouers moet saam met die skool/koshuisowerhede werk. Alle rolspelers moet saamwerk om 'n omvattende anti-bullebakprogram, wat 'n geïntegreerde deel van die koshuis (en die skool) se gedragskode vorm, op te stel (aangepas uit Perkins & Berrena, 2002:4-5; Sudermann, Jaffe & Schieck, 1996:5-6).

6. Slotgedagtes

Die Suid-Afrikaanse regering se beklemtoning van menseregte het nog nie tot praktiese vergestaltung in die lewe van baie Suid-Afrikaanse kinders gekom nie. Kinders se reg tot lewe, menswaardigheid, vryheid en veiligheid, soos verskans in die Handves van Menseregte (RSA, 1996: artikels 10, 11, 12 en 28), is bloot welluidende humanistiese retoriek vir baie Suid-Afrikaanse skoolkinders wat daagliks die slagoffers van bullebakkery is. Uit koerantberigte, die literatuurstudie en die huidige studie blyk dit dat skole en koshuise nie veilige areas is waar kinders kan leer en speel en tot emosionele wasdom kan groei nie. Inteendeel, bullebakkery vier hoogty in sommige Suid-Afrikaanse skole en koshuise. In 'n Suid-Afrikaanse samelewing wat vra om morele heropbou (Schoeman, 2006:81) is 'n programmatiese oplossing vir bullebakkery nie

genoeg nie. Die vertrekpunt vir enige anti-bullebakprogram moet nie op humanistiese waardes nie, maar op waardes “filled with life-view contents” gebou word (De Klerk & Rens, 2003:368). Elke kind moet weet dat hy/sy nie net regte nie, maar ook verantwoordelikhede het. Kinders het nie net die reg om in ’n geborge milieu te bly en te studeer nie; hulle het ook die verantwoordelikheid om vir hulle ouers en ander volwassenes te vertel as hulle gevikitimiseer word en/of as hulle die getuies van insidente van bullebakkerie is. Ouers, as die primêre opvoeders, moet nie net luister na hulle kinders se oproepe om hulp nie. Hulle moet ook optree.

En dit is wat die ouers van twee Oos-Kaapse kosgangers gedoen het. Hulle het die inisiatief vir die ondersoek geneem. Hulle het die leiding tydens die werkswinkel geneem. Hulle het ’n werksgroep, bestaande uit ouers, die koshuissuperintendent, hoërskoolhoof, diensdoenende personeel, leerders, ’n plaaslike leraar en ’n sielkundige, op die been gebring. Die eerste taak van die werkgroep is om ’n omvattende anti-bullebakprogram vir die koshuis te ontwikkel.

Bibliografie

- BANKS, R. 1997. *What should parents and teachers know about bullying* ’n <http://www.focusas.com/Bullying.html> (2006, August, 6).
- BELL, J. 1993. *Doing your research project*. Buckingham: Oxford University Press.
- BEZUIDENHOUT, M.A. 2002. Sticks and stones ’n But words can change the story. The narrative approach as an intervention tool for bullying in a primary school. Unpublished M.Ed. script. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- COLLINS, K., MCALEAVY, G. ADAMSON, G. 2004. Bullying in schools: a Northern Ireland study. *Educational Research*, 46(1):55-71.
- BOOYENS, K. 2003. The nature and extent of child and youth misbehaviour in South Africa. In: Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (Eds). *Child and youth misbehaviour in South Africa. A holistic view*. Pretoria: Van Schaik Publishers: 23-50.
- DEHAAN, L. 1997. *Bullies*. <http://www.ext.nodak.edu/extpubs/yf/famsci/fs570w.htm> (2003, December, 4).
- DE KLERK, J. & RENS, J. 2003. The role of values in school discipline. *Koers*, 68(4):353-371.
- DE WET, N.C. 2005. The voices of victims and witnesses of school bullying. *Koers*, 70(4):705-725.
- DE WET, N.C. 2006. Bullebakkerie – almal se probleem. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(1):87-100.
- GELDENHUYNS, K. 2006. Bullying. More than a bloody nose. *Servamus*, June 1: 10.
- GLOVER, D., GOUGH, G., JOHNSON, M. & CARTWRIGHT, N. 2000. Bullying in secondary schools: incidence, impact and intervention. *Educational Research*, 42(2):141-156.

- GODDARD, W. & MELVILLE, S. 2001. *Research methodology: An introduction*. Lansdowne: Juta and Co.
- GREEFF, P. 2004. The nature and prevalence of bullying during the intermediate school phase. Unpublished M.A. script. Bloemfontein: University of the Free State.
- HOUNDOUMADI, A. & PATERAKI, L. 2001. Bullying and bullies in Greek elementary schools: pupils's attitudes and teachers's/parents's awareness. *Educational Review*, 53(1):19-26.
- HUYSAMEN, G.K. 1993. *Metodologie vir die Sosiale en Gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms) Bpk.
- LIMPER, R. 2000. Cooperation between parents, teachers, and school boards to prevent bullying in education: An overview of work done in the Netherlands. *Aggressive Behaviour*, 26:125-134.
- MAEKOYA, C. & DUSSICH, J.P.J. 2003. Variables which may contribute to bullying behaviors. Paper presented at the XIth International Symposium on Victimology in Stellenbosch, University of Stellenbosch. July, 13-18.
- MARSHALL, M.C. 2000. From the inside looking out: violence in schools. *Journal of Child and Adolescent Psychiatric Nursing*, 13(3):133-134.
- NESER, J. 2005. An exploration of learners' views on certain aspects of school safety. *Acta Criminologica*, 18(3):61-81.
- NESER, J.J., OVENS, M., VAN DER MERWE, E., MORODI, R. & LADIKOS, A. 2003. Peer victimization in schools: the victims. *Crime Research in South Africa*, 5(1). <http://www.crisa.org.za/> (2004, February, 6).
- NKOSI, N.P. 2001. Perceptions of learners and educators on bullying and the implications of bullying for school discipline. Unpublished M.Ed. mini-dissertation. Johannesburg: Rand Afrikaans University.
- OLWEUS, D. 1994. *Bullying at school. What we know and what we can do*. Oxford: Blackwell Publishers.
- OLWEUS, D., LIMBER, S. & MIHALIC, S.F. 1999. *Blueprints for violence prevention*. Book nine: Bullying prevention program. Boulder, CO: Centre for the Study and Prevention of Violence.
- O'MOORE, A.M., KIRKHAM, C. & SMITH, M. 1997. Bullying behaviour in Irish schools. A nationwide study. *Irish Journal of Psychology*, 18(3):421-169.
- PEARCE, J. 1991. What can be done about the bully? In: Elliot, M. (Ed.), *Bullying*. Essex: Longman: 70-89.
- PERKINS, D.F. & BERRENA, B. 2002. *Bullying. What parents can do about it*. Pennsylvania: Pennsylvania State University.
- RADEMEYER, A. 2005. Boelie versprei kru pamflette by skool. *Beeld*, November, 11: 5.
- RETIEF, H. 2006. Onverbidelik finaal. *Rapport*, Julie, 30: 4.
- ROLAND, E. 2002. Bulling, depressive symptoms and suicidal thoughts. *Educational Research*, 44(1):55-67.
- RSA. 1996. *Constitution of South Africa. Act 108 of 1996*. <http://polity.org.za/html/govdocs/constitution/saconst02.html> rebookmark=1 (2005, November, 22).
- SANTOS, J.R.A. 1999. Cronbach's Alpha: A tool for assessing the reliability of scales. *Journal of Extension*, 37(2). <http://www.joe.org/joe/1999april/tt3.html> (2004, October, 5).

- SCHOEMAN, P.G. 2006. In search for a new morality in South African education. Part 1: Preliminary deliberations: between fundamentalism and relativism. *Journal for Christian Scholarship*, 42(1&2):81-101.
- SERRAO, A. & RUSSOUW, S. 2005. Father desperate over teen's Jik death. *Saturday Star*, April, 9: 1.
- SUDERMANN, M., JAFFE P.G. & SCHIECK, E. 1996. *Bullying: information for parents and teachers*. <http://www.lfcc.on.ca/bully.htm> (2004, October, 25).
- STATE OF DELAWARE. n.d. *Delaware Bullying Questionnaire*. http://www.State.de.us/atgen/main_page/teachers/bullquesti.html (2004, June, 5).
- TAYLOR, S.S. 2005. Special education and private schools. *Remedial and Special Education*, 26(5):281-296.
- UNITED NATIONS. 1989. *Convention on the Rights of the Child*. <http://www.unhchr.ch/html/menu3/b/k2crc.htm> (2003, January, 30).
- UNITED NATIONS. 2004. *Status of ratification of the principal International Human Rights Treaties as of 9 June 2004*. www.unhchr.ch/html/menu3/b/k2crc.htm - 63k - and follow the link (2006, June, 20).
- VAN HEERDEN, D. 2006. Meisies kry les in woedebeheer. *Rapport*, September, 10: 16.
- VORSTER, A.C. 2002. *Bullying in South African schools: guidelines for developing an anti-bullying intervention programme*. Unpublished M.Ed. mini-dissertation. Johannesburg: Rand Afrikaans University.
- WILLERT, H.J. 2002. Do sweat the small stuff: stemming school violence. *American Secondary Education*, 30(2):2-13.
- WILLIAMS, K.W. 2003. *Student and teacher reports of bullying behaviours*. Unpublished M.Sc. thesis. Fresno: California State University.
- ZEELIE, D.G. 2002. *Bully proofing your school – policy and programme formulation*. In: Gauteng Department of Education.